Beeld | 16 April 2016 NUUS

# Irvette kwalifiseer nie 'weens maagaandoening'

Sarel van der Walt

Stellenbosch. – 'n Maagaandoening het gisteroggend hier op die Suid-Afrikaanse atletiekkampioenskap gekeer dat die Olimpiese marathonatleet Irvette van Zyl in die 5 000 m vir vroue vir vanjaar se Olimpiese Spele kwalifiseer.

Van Zyl was in 'n stadium sterk op pad om te kwalifiseer, maar het oor die laaste 2 km in die hitte pap begin voel.

Van Zyl, wat alleen voor gehardloop het, het uiteindelik in 16:02.63 oor die eindstreep gehardloop. Dit is nogtans die beste tyd van haar loopbaan.

Die Pretorianer se vorige beste was 16:18.00. Die Olimpiese maatstaf is 15:24.00.

Van Zyl het dadelik die baan verlaat "omdat die natuur geroep het".

Later het sy gesê oor die laaste 400 m het dit gevoel "of die baan my opvreet".

Die vrou van die Olimpiese hekkiesatleet LJ van Zyl sê sy het eergisteraand nog getwyfel of sy sou deelneem, maar het Vrydagoggend beter gevoel toe sy begin opwarm het.

Van Zyl, wat in September verlede jaar ma geword het, sal nou aanstaande Sondag in die Londen-marathon probeer om vir die Olimpiese marathon te kwalifiseer.

Vroeër het Stephen Mokoka, die SA rekordhouer, sy titel in die 5 000 vir mans met 'n sterk eindpoging behou nadat Elroy Gelant aanvanklik die pap dik aangemaak het.

Mokoka, wat verlede jaar die SA rekord (13:11.44) op dieselfde baan opgestel het, se wentyd was 13:40.81.

Die Olimpiese maatstaf is 13:25.00.

Hy het ná die wedloop gesê hy is tevrede en die tyd was nie te vinnig nie. "Ek wil môre (vandag) 'n goeie tyd in die 10 000 hardloop en glo nie die 5 000 het te veel energie uit my getap het nie," het die Pretoriase atleet gesê.

Hy hoop om op vanjaar se Olimpiese Spele in Rio de Janeiro aan sowel die 5 000 en die 10 000 deel te neem.

Gelant, wat reeds in die 5 000 vir die Spele gekwalifiseer het, het aanvanklik gehoop om 'n goeie tyd te hardloop.

Hy het die eerste 200 meter in 29 sekondes afgelê en die eerste 400 in 61 s, die 800 in 2:05 en is in 2:36 verby die 1 000 m-kerf.

In daardie stadium was hy binne SA rekordpas, en sowat 50 m voor sy teenstanders. Die pas het hierna in die hitte stadiger geword.

Die marathonatleet Sibusiso Nzima het in 'n stadium die voortou by hom oorgeneem.

Mokoka, wat met 'n beste marathontyd van 2:07 spog, het oor die laaste 300 m versnel. Hy, Gelant en Nzima het in 'n naelloopstryd betrokke geraak, voordat Mokoka uiteindelik net te sterk vir sy teenstanders was.

Gelant was tweede met 13:43.43 en Nzima (13:44.43) derde.

Mokoka het gesê hy hoop om vandag in die 10 000 'n tyd van onder 28 minute te hardloop.

Die Olimpiese maatstaf in dié nommer is 28:00.